(bb) waar daardie belang aldus oor beskik word as handelsvoorraad, word die bedrag ingevolge artikel 11*(a)* of 22(1) of (2) ten opsigte van die deel van die **[aandeelbelang]** ekwiteitsaandeel beoog in subparagraaf (i) in berekening gebring te word, geag gelyk te wees aan ’n bedrag wat tot die totale bedrag ingevolge artikel 11*(a)* of 22(1) of (2) in berekening gebring ten opsigte van die **[aandeelbelang]** ekwiteitsaandeel aldus oor beskik in dieselfde verhouding staan as wat die markwaarde van daardie vergoeding tot die som van die markwaarde van daardie vergoeding en die markwaarde van die **[aandeelbelang]** ekwiteitsaandeel deur daardie persoon

[interest] acquired by that person in terms of that substitutive share-for-share transaction.''; and

(m) by the addition after subsection (4) of the following subsection:

''(4A) If an equity share is issued in terms of a substitutive share-for-share transaction, the issue price of the linked unit disposed of in terms of that transaction is deemed to be contributed tax capital in respect of the class to which the equity share so acquired relates.''.

(2) Paragraphs *(a)*, *(e)* and *(i)* of subsection (1) are deemed to have come into operation on 1 April 2013 and apply in respect of transactions entered into on or after that date.

(3) Paragraphs *(b)*, *(c)*, *(d)*, *(f)*, *(g)*, *(h)*, *(j)*, *(k)*, *(l)* and *(m)* of subsection (1) are deemed to have come into operation on 4 July 2013 and apply in respect of transactions entered into on or after that date.

Amendment of section 44 of Act 58 of 1962, as substituted by section 34 of Act 74 of 2002 and amended by section 52 of Act 45 of 2003, section 40 of Act 31 of 2005, section 34 of Act 8 of 2007, section 55 of Act 35 of 2007, section 27 of Act 3 of 2008, sections 50 and 129 of Act 60 of 2008, section 49 of Act 17 of 2009, section 63 of Act 7 of 2010, section 69 of Act 24 of 2011 and section 76 of Act 22 of 2012

93. (1) Section 44 of the Income Tax Act, 1962, is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (1) in paragraph *(b)* of the definition of ''amalgamation transaction'' for subparagraph (ii) of the following subparagraph:

''(ii) if, immediately before that transaction, any shares in that amalgamated company **[that are directly or indirectly held by that resultant company]** are held as capital assets; and'';

(b) by the substitution for subsection (4A) of the following subsection:

''(4A) For purposes of the definition of 'contributed tax capital', if the resultant company issues shares in exchange for the disposal of an asset in terms of an amalgamation transaction, the amount received by or accrued to the resultant company as consideration for the issue of shares is deemed to be equal to an amount which bears to the contributed tax capital of the amalgamated company at the time of termination contemplated in paragraph **[*(b)*]** *(a)*(ii) of the definition of 'amalgamation transaction' in subsection (1) the same ratio as the value of the shares held in the amalgamated company at that time by shareholders other than the resultant company bears to the value of all shares held in the amalgamated company at that time.'';

(c) by the addition to subsection (4A) of the following proviso:

'': Provided that where the amalgamated company is a portfolio of a collective investment scheme in property, the price at which the participatory interests were issued shall be added to the contributed tax capital in respect of the class of shares issued by the resultant company.'';

(d) by the substitution for subsection (6) of the following subsection:

''(6) *(a)* This subsection applies where any person that holds an equity share in an amalgamated company acquires an equity share in the resultant company by virtue of that shareholding and pursuant to an amalgamation transaction in respect of which subsection (2) or (3) applied—

(i) as either a capital asset or trading stock, in the case where that equity share in the amalgamated company is held as a capital asset; or

(ii) as trading stock in the case where that equity share in the amalgamated company is held as trading stock.

verkry ingevolge daardie vervangende aandeel-vir-aandeel-transaksie staan.''; en

(m) deur na subartikel (4) die volgende subartikel by te voeg:

''(4A) Indien 'n ekwiteitsaandeel ingevolge 'n vervangende aandeel-vir-aandeel-transaksie uitgereik word, word die uitreikprys van die gekoppelde eenheid waaroor ingevolge daardie transaksie beskik word, geag toegevoegde belastingkapitaal te wees ten opsigte van die klas waarop die ekwiteitsaandeel aldus verkry betrekking het.''.

(2) Paragrawe *(a)*, *(e)* en *(i)* van subartikel (1) word geag op 1 April 2013 in werking te getree het en is van toepassing ten opsigte van transaksies op of na daardie datum aangegaan.

(3) Paragrawe *(b)*, *(c)*, *(d)*, *(f)*, *(g)*, *(h)*, *(j)*, *(k)*, *(l)* en *(m)* van subartikel (1) word geag op 4 Julie 2013 in werking te getree het en is van toepassing ten opsigte van transaksies op of na daardie datum aangegaan.

Wysiging van artikel 44 van Wet 58 van 1962, soos vervang deur artikel 34 van Wet 74 van 2002 en gewysig deur artikel 52 van Wet 45 van 2003, artikel 40 van Wet 31 van 2005, artikel 34 van Wet 8 van 2007, artikel 55 van Wet 35 van 2007, artikel 27 van Wet 3 van 2008, artikels 50 en 129 van Wet 60 van 2008, artikel 49 van Wet 17 van 2009, artikel 63 van Wet 7 van 2010, artikel 69 van Wet 24 van 2011 en artikel 76 van Wet 22 van 2012

93. (1) Artikel 44 van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—

(a) deur in subartikel (1) in paragraaf *(b)* van die omskrywing van ''amalgamasietransaksie'' subparagraaf (ii) deur die volgende subparagraaf te vervang:

''(ii) indien, onmiddellik voor daardie transaksie, enige aandele in daardie geamalgameerde maatskappy **[wat regstreeks of onregstreeks deur daardie gevolglike maatskappy]** as kapitaalbates gehou word; en'';

(b) deur subartikel (4A) deur die volgende subartikel te vervang:

''(4A) By die toepassing van die omskrywing van 'toegevoegde belastingkapitaal', indien die gevolglike maatskappy aandele uitreik in ruil vir die beskikking oor 'n bate ingevolge 'n amalgamasietransaksie word die bedrag ontvang deur of toegeval aan die gevolglike maatskappy as vergoeding vir die uitreik van aandele geag gelyk te wees aan 'n bedrag wat tot die toegevoegde belastingkapitaal van die geamalgameerde maatskappy ten tye van beëindiging beoog in paragraaf *(a)*(ii) van die omskrywing van 'amalgamasietransaksie' in subartikel **[(1)*(b)*]** (1) in dieselfde verhouding staan as wat die waarde van die aandele wat op daardie tydstip deur ander aandeelhouers as die gevolglike maatskappy in die geamalgameerde maatskappy gehou word, staan tot die waarde van alle aandele op daardie tydstip in die geamalgameerde maatskappy gehou.'';

(c) deur tot subartikel (4A) die volgende voorbehoudsbepaling te voeg:

'': Met dien verstande dat waar die geamalgameerde maatskappy 'n portefeulje van 'n kollektiewe beleggingskema in eiendom is, die prys waarteen die deelnemende belange uitgereik is, gevoeg moet word by die toegevoegde belastingkapitaal ten opsigte van die klas van aandele deur die gevolglike maatskappy uitgereik.'';

(d) deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:

''(6) *(a)* Hierdie subartikel is van toepassing waar enige persoon wat 'n ekwiteitsaandeel in 'n geamalgameerde maatskappy hou 'n ekwiteitsaandeel in die gevolglike maatskappy verkry uit hoofde van daardie aandeelhouding en ten gevolge van 'n amalgamasietransaksie ten opsigte waarvan subartikel (2) of (3) van toepassing was—

(i) as of 'n kapitaalbate of handelsvoorraad, in die geval waar daardie ekwiteitsaandeel in die geamalgameerde maatskappy as 'n kapitaalbate gehou word; of

(ii) as handelsvoorraad in die geval waar daardie ekwiteitsaandeel in die geamalgameerde maatskappy as handelsvoorraad gehou word.

(b) The person contemplated in paragraph *(a)* is deemed, subject to paragraphs *(d)* and *(e)*, to have—

(i) disposed of the equity share in that amalgamated company for an amount equal to the expenditure incurred by that person in respect of that equity share which is or was allowable in terms of paragraph 20 of the Eighth Schedule or taken into account in terms of section 11*(a)* or 22(1) or (2), as the case may be;

(ii) acquired the equity share in the resultant company on the date on which that person acquired the equity share in the amalgamated company for a cost equal to the expenditure incurred by that person as contemplated in subparagraph (i);

(iii) incurred the cost contemplated in subparagraph (ii) on the date on which that person incurred the expenditure in respect of the equity share in the amalgamated company, which cost must be treated as—

(aa) an expenditure actually incurred by that person in respect of those equity shares for the purposes of paragraph 20 of the Eighth Schedule, if those equity shares in the resultant company are acquired as capital assets; or

(bb) the amount to be taken into account by that person in respect of those equity shares for the purposes of section 11*(a)* or 22(1) or (2), if those equity shares in the resultant company are acquired as trading stock; and

(iv) done any valuation of the equity share in the amalgamated company which was done by that person within the period contemplated in paragraph 29(4) of the Eighth Schedule, in respect of the equity share in the resultant company.

(c) An equity share in the resultant company that is acquired by the person contemplated in paragraph *(a)* is deemed not to be an amount transferred or applied by the amalgamated company for the benefit or on behalf of that person in respect of the share held by that person in that amalgamated company.

(d) Where the person contemplated in paragraph *(a)* becomes entitled to any consideration other than any equity share in the resultant company, the provisions of paragraph *(b)* must not apply in respect of the part of the equity share held by that person in the amalgamated company which bears the same ratio to that share as the amount of that other consideration bears to the amount of the full consideration in respect of that share.

(e) Where the person contemplated in paragraph *(a)* becomes entitled, by virtue of the equity share held by that person in the amalgamated company, to any consideration other than any equity share in the resultant company, so much of the amount of that other consideration as does not exceed the market value of all the assets of the amalgamated company immediately before the amalgamation, conversion or merger less—

(i) the liabilities; and

(ii) the sum of the contributed tax capital of all the classes of shares,

of the amalgamated company immediately before the amalgamation, conversion or merger must, for the purposes of the definitions of 'dividend', 'foreign dividend', 'foreign return of capital' and 'return of capital' in section 1, be deemed to be an amount transferred or applied by

(b) Die persoon beoog in paragraaf *(a)* word geag behoudens paragrawe *(d)* en *(e)*—

(i) oor die ekwiteitsaandeel in daardie geamalgameerde maatskappy te beskik het vir 'n bedrag gelyk aan die uitgawes aangegaan deur daardie persoon ten opsigte van daardie ekwiteitsaandeel wat ingevolge paragraaf 20 van die Agtste Bylae toelaatbaar is of was of ingevolge artikel 11(*a)* of 22(1) of (2) in berekening gebring is of was, na gelang van die geval;

(ii) die ekwiteitsaandeel in die gevolglike maatskappy te verkry het op die datum waarop daardie persoon die ekwiteitsaandeel in die geamalgameerde maatskappy verkry het vir 'n koste gelyk aan die uitgawes aangegaan deur daardie persoon soos in subparagraaf (i) beoog;

(iii) die koste beoog in subparagraaf (ii) aan te gegaan het op die datum waarop daardie persoon die uitgawes ten opsigte van die ekwiteitsaandeel in die geamalgameerde maatskappy aangegaan het, welke koste behandel moet word as—

(aa) 'n uitgawe werklik aangegaan deur daardie persoon ten opsigte van daardie ekwiteitsaandele by die toepassing van paragraaf 20 van die Agtste Bylae, indien daardie ekwiteitsaandele in die gevolglike maatskappy as kapitaalbates verkry word; of

(bb) die bedrag in berekening gebring te word deur daardie persoon ten opsigte van daardie ekwiteitsaandele by die toepassing van artikel 11*(a)* of 22(1) of (2), indien daardie ekwiteitsaandele in die gevolglike maatskappy as handelsvoorraad verkry word; en

(iv) enige valuasie van die ekwiteitsaandeel in die geamalgameerde maatskappy te gedoen het wat deur daardie persoon gedoen is binne die tydperk beoog in paragraaf 29(4) van die Agtste Bylae, ten opsigte van die ekwiteitsaandeel in die gevolglike maatskappy.

(c) 'n Ekwiteitsaandeel in die gevolglike maatskappy wat verkry word deur die persoon beoog in paragraaf *(a)* word geag nie 'n bedrag oorgedra of aangewend deur die geamalgameerde maatskappy tot voordeel of ten behoewe van daardie persoon ten opsigte van die aandeel gehou deur daardie persoon in daardie geamalgameerde maatskappy te wees nie.

(d) Waar die persoon beoog in paragraaf *(a)* geregtig word op enige ander vergoeding as 'n ekwiteitsaandeel in die gevolglike maatskappy, moet die bepalings van paragraaf *(b)* nie van toepassing wees nie ten opsigte van die deel van die ekwiteitsaandeel gehou deur daardie persoon in die geamalgameerde maatskappy wat in dieselfde verhouding tot daardie aandeel staan as wat die bedrag van daardie ander vergoeding tot die bedrag van die volle vergoeding ten opsigte van daardie aandeel staan.

(e) Waar die persoon beoog in paragraaf *(a)*, uit hoofde van die ekwiteitsaandeel deur daardie persoon in die geamalgameerde maatskappy gehou, geregtig word op enige ander vergoeding as enige ekwiteitsaandeel in die gevolglike maatskappy, moet soveel van die bedrag van daardie ander vergoeding as wat nie die markwaarde van al die bates van die geamalgameerde maatskappy onmiddellik voor die amalgamasie, omskepping of samesmelting oorskry nie, minus—

(i) die laste; en

(ii) die som van die toegevoegde belastingkapitaal van al die klasse van aandele,

van die geamalgameerde maatskappy onmiddellik voor die amalgamasie, omskepping of samesmelting, by die toepassing van die omskrywings van 'dividend', 'buitelandse dividend', 'buitelandse teruggawe van kapitaal' en 'teruggawe van kapitaal' in artikel 1, geag word 'n bedrag oorgedra of aangewend deur daardie geamalgameerde maatskappy tot voordeel of ten behoewe van daardie persoon ten opsigte

that amalgamated company for the benefit or on behalf of that person in respect of the share held by that person in the amalgamated company.'';

(e) by the deletion of subsection (7);

(f) by the deletion in subsection (9) of paragraph *(a)*;

(g) by the deletion of subsection (10); and

(h) by the substitution in subsection (14) for subparagraph *(c)* of the following paragraph:

''*(c)* in respect of any transaction if the resultant company is a non-profit company as defined in section 1 of the Companies Act**[, 2008 (Act No. 71 of 2008)]**;''.

(2) Paragraphs *(a)* and *(b)* of subsection (1) are deemed to have come into operation on 1 January 2013 and apply in respect of transactions entered into on or after that date.

(3) Paragraphs *(c)* and *(f)* of subsection (1) are deemed to have come into operation on 24 October 2013.

(4) Paragraphs *(d)*, *(e)* and *(g)* of subsection (1) are deemed to have come into operation on 4 July 2013 and apply in respect of transactions entered into on or after that date.

Amendment of section 45 of Act 58 of 1962, as substituted by section 34 of Act 74 of 2002 and amended by section 53 of Act 45 of 2003, section 35 of Act 32 of 2004, section 41 of Act 31 of 2005, section 35 of Act 8 of 2007, section 56 of Act 35 of 2007, section 28 of Act 3 of 2008, section 51 of Act 60 of 2008, section 64 of Act 7 of 2010, section 70 of Act 24 of 2011 and section 77 of Act 22 of 2012

94. (1) Section 45 of the Income Tax Act, 1962, is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (1) in paragraph *(a)* of the definition of ''intra-group transaction'' for subparagraph (i) of the following subparagraph:

''(i) in terms of which any asset is disposed of by one company (hereinafter referred to as the 'transferor company') to another company that is a resident (hereinafter referred to as the 'transferee company') and both companies form part of the same group of companies as at the end of the day of that transaction; and'';

(b) by the substitution in subsection (1) in paragraph *(b)*(iii) of the definition of ''intra-group transaction'' for items *(bb)* and *(cc)* of the following items:

''*(bb)* that transferor company is a resident or is a controlled foreign company in relation to one or more residents that form part of that group of companies; and

(cc) that transferee company is a resident or is a controlled foreign company in relation to one or more residents that form part of that group of companies.'';

(c) by the substitution in subsection (2)*(a)* for paragraph (B) of the proviso of the following paragraph:

''(B) that transferee company is a resident; and'';

(d) by the substitution in subsection (3A)*(a)* for the words preceding subparagraph (i) of the following words:

''This subsection applies where an asset is acquired by a transferee company from a transferor company in terms of an intra-group transaction **[contemplated in paragraph *(a)* of the definition of 'intragroup transaction']** and—''; and

(e) by the substitution in subsection (4)*(b*A*)* for subparagraph (ii) of the following subparagraph:

''(ii) **[at the time of so ceasing, that transferee company]** has not disposed of that equity share at the time of so ceasing,''.

(2) Subsection (1) is deemed to have come into operation on 1 January 2013 and applies in respect of transactions entered into on or after that date.

van die aandeel gehou deur daardie persoon in die geamalgameerde maatskappy te wees.'';

(e) deur subartikel (7) te skrap;

(f) deur in subartikel (9) paragraaf *(a)* te skrap;

(g) deur subartikel (10) te skrap; en

(h) deur in subartikel (14) subparagraaf *(c)* deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(c)* ten opsigte van 'n transaksie indien die gevolglike maatskappy 'n maatskappy sonder winsoogmerk soos omskryf in artikel 1 van die Maatskappywet**[, 2008 (Wet No. 71 van 2008),]** uitmaak;''.

(2) Paragrawe *(a)* en *(b)* van subartikel (1) word geag op 1 Januarie 2013 in werking te getree het en is van toepassing ten opsigte van transaksies op of na daardie datum aangegaan.

(3) Paragrawe *(c)* en *(f)* van subartikel (1) word geag op 24 Oktober 2013 in werking te getree het.

(4) Paragrawe *(d)*, *(e)* en *(g)* van subartikel (1) word geag op 4 Julie 2013 in werking te getree het en is van toepassing ten opsigte van transaksies op of na daardie datum aangegaan.

Wysiging van artikel 45 van Wet 58 van 1962, soos vervang deur artikel 34 van Wet 74 van 2002 en gewysig deur artikel 53 van Wet 45 van 2003, artikel 35 van Wet 32 van 2004, artikel 41 van Wet 31 van 2005, artikel 35 van Wet 8 van 2007, artikel 56 van Wet 35 van 2007, artikel 28 van Wet 3 van 2008, artikel 51 van Wet 60 van 2008, artikel 64 van Wet 7 van 2010, artikel 70 van Wet 24 van 2011 en artikel 77 van Wet 22 van 2012

94. (1) Artikel 45 van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—

(a) deur in subartikel (1) in paragraaf *(a)* van die omskrywing van ''intragroeptransaksie'' subparagraaf (i) deur die volgende subparagraaf te vervang:

''(i) ingevolge waarvan daar oor enige bate deur een maatskappy (hierna die 'oordraggewende maatskappy' genoem) aan 'n ander maatskappy wat 'n inwoner is (hierna die 'oordragnemende maatskappy' genoem) beskik word en beide maatskappye teen die einde van die dag van daardie transaksie deel van dieselfde groep van maatskappye vorm; en'';

(b) deur in subartikel (1) in paragraaf *(b)*(iii) van die omskrywing van ''intragroeptransaksie'' items *(bb)* en *(cc)* deur die volgende items te vervang:

''*(bb)* daardie **[oordraggewer]** oordraggewende maatskappy 'n inwoner is of 'n beheerde buitelandse maatskappy is met betrekking tot een of meer inwoners wat deel uitmaak van daardie groep van maatskappye; en

(cc) daardie **[oordragnemer]** oordragnemende maatskappy 'n inwoner is of 'n beheerde buitelandse maatskappy is met betrekking tot een of meer inwoners wat deel uitmaak van daardie groep van maatskappye.'';

(c) deur in subartikel (2)*(a)* paragraaf (B) van die voorbehoudsbepaling deur die volgende paragraaf te vervang:

''(B) daardie **[oordragnemer]** oordragnemende maatskappy 'n inwoner is; en'';

(d) deur in subartikel (3A)*(a)* die woorde wat subparagraaf (i) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

''Hierdie subartikel is van toepassing waar 'n bate verkry word deur 'n oordragnemende maatskappy van 'n oordraggewende maatskappy ingevolge 'n intragroeptransaksie **[beoog in paragraaf *(a)* van die omskrywing van 'intragroeptransaksie']** en—''; en

(e) deur in subartikel (4)*(b*A*)* subparagraaf (ii) deur die volgende subparagraaf te vervang:

''(ii) **[op die tydstip waarop dit aldus ophou, daardie oordragnemende maatskappy]** nie oor daardie ekwiteitsaandeel beskik het op die tydstip waarop dit ophou nie,''.

(2) Subartikel (1) word geag op 1 Januarie 2013 in werking te getree het en is van toepassing ten opsigte van transaksies op of na daardie datum aangegaan.

Amendment of section 46 of Act 58 of 1962, as substituted by section 34 of Act 74 of 2002 and amended by section 54 of Act 45 of 2003, section 36 of Act 32 of 2004, section 42 of Act 31 of 2005, section 36 of Act 8 of 2007, section 57 of Act 35 of 2007, section 29 of Act 3 of 2008, section 52 of Act 60 of 2008, section 65 of Act 7 of 2010, section 71 of Act 24 of 2011 and section 78 of Act 22 of 2012

95. (1) Section 46 of the Income Tax Act, 1962, is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (1)*(a)* for subparagraph (i) of the following subparagraph:

"(i) in terms of which **[all]** the equity shares **[of]** in a company (hereinafter referred to as the 'unbundled company'), which is a resident that are held by a company (hereinafter referred to as the 'unbundling company'), which is a resident, are all distributed by that unbundling company to any shareholder of that unbundling company in accordance with the effective interest of **[that shareholder]** the shareholders in the shares of that unbundling company, **[but only to the extent to which those equity shares are so distributed]** and if—

(aa) **[where that unbundling company is a listed company and]** all of the equity shares of the unbundled company are listed shares or will become listed shares within 12 months after that distribution**[, to the shareholders of that unbundling company]**;

(bb) **[where that unbundling company is an unlisted company, to any]** that shareholder to which that distribution is made **[of]** by that unbundling company **[that]** forms part of the same group of companies as that unbundling company; or

(cc) that distribution is made pursuant to an order in terms of the Competition Act, 1998 (Act No. 89 of 1998), made by the Competition Tribunal or the Competition Appeal Court**[, to the shareholders of that unbundling company]**; and"

(b) by the substitution in subsection (1)*(b)* for subparagraph (i) of the following subparagraph:

"(i) in terms of which all the equity shares **[of]** in an unbundled company which is a foreign company that are held by an unbundling company which is a resident or a controlled foreign company are all distributed by that unbundling company to any shareholder of that unbundling company in accordance with the effective interest of that shareholder in the shares of that unbundling company**[, but only to the extent to which those equity shares are so distributed to any shareholder of that unbundling company which]**—

(aa) if that shareholder is a resident**[,]** and that shareholder forms part of the same group of companies (as defined in section 1); or

(bb) if that shareholder is not a resident**[,]** and that shareholder is a controlled foreign company in relation to any resident that forms part of the same group of companies (as defined in section 1),

as that unbundling company;";

(c) by the addition in subsection (1)*(b)*(ii) at the end of item *(aa)* of the word "and";

(d) by the substitution in subsection (1)*(b)*(ii) at the end of item *(bb)* for a semi-colon of a full stop;

(e) by the deletion in subsection (1)*(b)*(ii) of item *(cc)*;

(f) by the deletion in subsection (1)*(b)* of subparagraph (iii);

Wysiging van artikel 46 van Wet 58 van 1962, soos vervang deur artikel 34 van Wet 74 van 2002 en gewysig deur artikel 54 van Wet 45 van 2003, artikel 36 van Wet 32 van 2004, artikel 42 van Wet 31 van 2005, artikel 36 van Wet 8 van 2007, artikel 57 van Wet 35 van 2007, artikel 29 van Wet 3 van 2008, artikel 52 van Wet 60 van 2008, artikel 65 van Wet 7 van 2010, artikel 71 van Wet 24 van 2011 en artikel 78 van Wet 22 van 2012

95. (1) Artikel 46 van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—

(a) deur in subartikel (1)*(a)* subparagraaf (i) deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(i) ingevolge waarvan **[al]** die ekwiteitsaandele **[van]** in 'n maatskappy (hierna die 'ontbondelde maatskappy'genoem), wat 'n inwoner is wat gehou word deur 'n maatskappy (hierna die 'ontbondelingsmaatskappy'genoem), wat 'n inwoner is, almal uitgekeer word deur daardie ontbondelingsmaatskappy aan enige aandeelhouer van daardie ontbondelingsmaatskappy ooreenkomstig die effektiewe belang van **[daardie aandeelhouer]** die aandeelhouers in die aandele van daardie ontbondelingsmaatskappy, **[maar slegs tot die mate waarin daardie ekwiteitsaandele so uitgekeer word]** en indien—

(aa) **[waar daardie ontbondelingsmaatskappy 'n genoteerde maatskappy is en]** al die ekwiteitsaandele van die ontbondelde maatskappy binne 12 maande na daardie uitkering genoteer of genoteerde aandele is of sal word**[, aan die aandeelhouers van daardie ontbondelingsmaatskappy]**;

(bb) **[waar daardie ontbondelingsmaatskappy 'n ongenoteerde maatskappy is, aan enige]** daardie aandeelhouer aan wie daardie uitkering gemaak word **[van]** deur daardie ontbondelingsmaatskappy **[wat]** deel van dieselfde groep van maatskappye as daardie ontbondelingsmaatskappy vorm; of

(cc) daardie uitkering gemaak word **[aan die aandeelhouers van daardie ontbondelingsmaatskappy]** ter nakoming van 'n bevel uitgereik deur die Mededingingstribunaal of die App lhof vir Mededinging ingevolge die Wet op Mededinging, 1998 (Wet No. 89 van 1998); en";

(b) deur in subartikel (1)*(b)* subparagraaf (i) deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(i) ingevolge waarvan al die ekwiteitsaandele **[van]** in 'n ontbondelde maatskappy wat 'n buitelandse maatskappy is wat gehou word deur 'n ontbondelingsmaatskappy wat 'n inwoner of 'n beheerde buitelandse maatskappy is, almal uitgekeer word deur daardie ontbondelingsmaatskappy aan enige aandeelhouer van daardie ontbondelingsmaatskappy ooreenkomstig die effektiewe belang van daardie aandeelhouer in die aandele van daardie ontbondelingsmaatskappy**[, maar slegs tot die mate waarin daardie aandele aldus uitgekeer word aan enige aandeelhouer van daardie ontbondelingsmaatskappy wat]**—

(aa) indien daardie aandeelhouer 'n inwoner is**[,]** en daardie aandeelhouer deel uitmaak van dieselfde groep van maatskappye (soos omskryf in artikel 1); of

(bb) indien daardie aandeelhouer nie 'n inwoner is nie**[,]** en daardie aandeelhouer 'n beheerde buitelandse maatskappy is met betrekking tot enige inwoner wat deel uitmaak van dieselfde groep van maatskappye (soos omskryf in artikel 1),

as daardie ontbondelingsmaatskappy;";

(c) deur tot subartikel (1)*(b)*(ii) aan die einde van item *(aa)* die woord "en" by te voeg;

(d) deur in subartikel (1)*(b)*(ii) die kommapunt aan die einde van item *(bb)* deur 'n punt te vervang;

(e) deur in subartikel (1)*(b)*(ii) item *(cc)* te skrap;

(f) deur in subartikel (1)*(b)* subparagraaf (iii) te skrap;

(g) by the addition after subsection (5) of the following subsection:

"(5A) Where shares are distributed by an unbundling company to a shareholder in terms of an unbundling transaction, paragraph 76B of the Eighth Schedule does not apply to that distribution.";

(h) by the substitution in subsection (7) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

"(7) *(a)* **[This]** In the case of an unbundling transaction contemplated in subsection (1)*(a)*(i), this section does not apply if**[,]** immediately after any distribution of shares in terms of an unbundling transaction**[,]** 20 per cent or more of the shares in the unbundled company are held by a disqualified person either alone or together with any connected person (who is a disqualified person) in relation to that disqualified person."; and

(i) by the substitution in subsection (7)*(b)* for subparagraph (i) of the following subparagraph:

"(i) a person that is not a resident**[, unless that person is a controlled foreign company and more than 50 per cent of the equity shares in that controlled foreign company are directly or indirectly held by a resident (whether alone or together with any other resident that forms part of the same group of companies as that resident)]**;".

(2) Paragraphs *(a)*, *(b)*, *(c)*, *(d)*, *(e)*, *(f)*, *(h)* and *(i)* of subsection (1) are deemed to have come into operation on 4 July 2013 and apply in respect of unbundling transactions entered into on or after that date.

(3) Paragraph *(g)* of subsection (1) is deemed to have come into operation on 1 April 2012 and applies in respect of distributions made on or after that date.

Amendment of section 47 of Act 58 of 1962, as substituted by section 34 of Act 74 of 2002 and amended by section 55 of Act 45 of 2003, section 37 of Act 32 of 2004, section 43 of Act 31 of 2005, section 31 of Act 20 of 2006, section 37 of Act 8 of 2007, section 58 of Act 35 of 2007, section 31 of Act 3 of 2008, section 53 of Act 60 of 2008, section 50 of Act 17 of 2009, section 66 of Act 7 of 2010, section 72 of Act 24 of 2011 and section 79 of Act 22 of 2012

96. (1) Section 47 of the Income Tax Act, 1962, is hereby amended—

(a) by the addition in subsection (6) to paragraph *(b)* of the word "or"; and

(b) by the deletion in subsection (6) of paragraph *(b*A*)*.

(2) Subsection (1) is deemed to have come into operation on 1 January 2013 and applies in respect of transactions entered into on or after that date.

Amendment of section 49B of Act 58 of 1962, as inserted by section 80 of Act 22 of 2012

97. (1) Section 49B of the Income Tax Act, 1962, is hereby amended—

(a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) There must be levied for the benefit of the National Revenue Fund a tax, to be known as the withholding tax on royalties, calculated at the rate of **[15]** 12 per cent of the amount of any royalty that is paid by any person to or for the benefit of any foreign person to the extent that the amount is regarded as having been received by or accrued to that foreign person from a source within the Republic in terms of section 9(2)*(c)*, *(d)*, *(e)* or *(f)*."; and

(b) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) There must be levied for the benefit of the National Revenue Fund a tax, to be known as the withholding tax on royalties, calculated at the rate of **[12]** 15 per cent of the amount of any royalty that is paid by any person to or for the benefit of any foreign person to the extent that the amount is regarded as having been received by or accrued to that foreign person from a source within the Republic in terms of section 9(2)*(c)*, *(d)*, *(e)* or *(f)*.".

(g) deur na subartikel (5) die volgende subartikel by te voeg:

"(5A) Waar aandele deur 'n ontbondelingsmaatskappy aan 'n aandeelhouer ingevolge 'n ontbondelingstransaksie uitgekeer word, is paragraaf 76B van die Agtste Bylae nie van toepassing op daardie uitkering nie.";

(h) deur in subartikel (7) paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"(7) (*a*) **[Hierdie]** In die geval van 'n ontbondelingstransaksie in subartikel (1)*(a)*(i) beoog, is hierdie artikel **[is]** nie van toepassing nie indien**[,]** onmiddellik na enige uitkering van aandele ingevolge 'n ontbondelingstransaksie**[,]** 20 persent of meer van die aandele in die ontbondelde maatskappy gehou word deur 'n gediskwalifiseerde persoon, óf alleen óf tesame met enige verbonde persoon (wat 'n gediskwalifiseerde persoon is) met betrekking tot daardie gediskwalifiseerde persoon."; en

(i) deur in subartikel (7)*(b)* subparagraaf (i) deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(i) 'n persoon wat nie 'n inwoner is nie**[, tensy daardie persoon 'n beheerde buitelandse maatskappy is en meer as 50 persent van die ekwiteitsaandele in daardie beheerde buitelandse maatskappy regstreeks of onregstreeks gehou word deur 'n inwoner (hetsy alleen of tesame met enige ander inwoner wat deel uitmaak van dieselfde groep van maatskappye as daardie inwoner)]**;".

(2) Paragrawe *(a)*, *(b)*, *(c)*, *(d)*, *(e)*, *(f)*, *(h)* en *(i)* van subartikel (1) word geag op 4 Julie 2013 in werking te getree het en is van toepassing ten opsigte van ontbondelingstransaksies op of na daardie datum aangegaan.

(3) Paragraaf *(g)* van subartikel (1) word geag op 1 April 2012 in werking te getree het en is van toepassing ten opsigte van uitkerings op of na daardie datum gemaak.

Wysiging van artikel 47 van Wet 58 van 1962, soos vervang deur artikel 34 van Wet 74 van 2002, artikel 55 van Wet 45 van 2003, artikel 37 van Wet 32 van 2004, artikel 43 van Wet 31 van 2005, artikel 31 van Wet 20 van 2006, artikel 37 van Wet 8 van 2007, artikel 58 van Wet 35 van 2007, artikel 31 van Wet 3 van 2008, artikel 53 van Wet 60 van 2008, artikel 50 van Wet 17 van 2009, artikel 66 van Wet 7 van 2010, artikel 72 van Wet 24 van 2011 en artikel 79 van Wet 22 van 2012

96. (1) Artikel 47 van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—

(a) deur in subartikel (6) aan die einde van paragraaf *(b)* die woord "of" by te voeg; en

(b) deur in subartikel (6) paragraaf *(b*A*)* te skrap.

(2) Subartikel (1) word geag op 1 Januarie 2013 in werking te getree het en is van toepassing ten opsigte van transaksies op of na daardie datum aangegaan.

Wysiging van artikel 49B van Wet 58 van 1962, soos ingevoeg deur artikel 80 van Wet 22 van 2012

97. (1) Artikel 49B van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—

(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Daar word gehef ten behoewe van die Nasionale Inkomstefonds 'n belasting, bekend te staan as die terughoudingsbelasting op tantième, bereken teen die koers van **[15]** 12 persent van die bedrag van enige tantième wat betaal word deur 'n persoon aan of ten behoewe van enige buitelandse persoon namate die bedrag beskou word as ontvang deur of toegeval aan daardie buitelandse persoon van 'n bron binne die Republiek ingevolge artikel 9(2)*(c)*, *(d)*, *(e)* of *(f)*."; en

(b) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Daar word gehef ten behoewe van die Nasionale Inkomstefonds 'n belasting, bekend te staan as die terughoudingsbelasting op tantième, bereken teen die koers van **[12]** 15 persent van die bedrag van enige tantième wat betaal word deur 'n persoon aan of ten behoewe van enige buitelandse persoon namate die bedrag beskou word as ontvang deur of toegeval aan daardie buitelandse persoon van 'n bron binne die Republiek ingevolge artikel 9(2)*(c)*, *(d)*, *(e)* of *(f)*.".

(2) Paragraph *(a)* of subsection (1) is deemed to have come into operation on 1 July 2013 and applies in respect of royalties that are paid or that become due and payable on or after that date.

(3) Paragraph *(b)* of subsection (1) comes into operation on 1 January 2015 and applies in respect of royalties that are paid or that become due and payable on or after that date.

Insertion of Part IVB in Chapter II of Act 58 of 1962

98. (1) The following Part is hereby inserted in Chapter II of the Income Tax Act, 1962, after Part IVA:

"*Part IVB*

Withholding tax on interest

Definitions

50A. (1) In this Part—

'bank' means any—

(a) bank as defined in section 1 of the Banks Act;

(b) mutual bank as defined in section 1 of the Mutual Banks Act, 1993 (Act No. 124 of 1993); or

(c) co-operative bank as defined in section 1 of the Co-operative Banks Act, 2007 (Act No. 40 of 2007);

'Development Bank of Southern Africa' means the Development Bank of Southern Africa Limited, incorporated in terms of the Development Bank of Southern Africa Act, 1997 (Act No. 13 of 1997);

'foreign person' means any person that is not a resident;

'Industrial Development Corporation' means the Industrial Development Corporation of South Africa Limited, registered in terms of the Industrial Development Corporation Act, 1940 (Act No. 22 of 1940);

'listed debt' means any debt that is listed on a recognised exchange as defined in paragraph 1 of the Eighth Schedule.

Levy of withholding tax on interest

50B. (1) There must be levied for the benefit of the National Revenue Fund a tax, to be known as the withholding tax on interest, calculated at the rate of 15 per cent of the amount of any interest that is paid by any person to or for the benefit of any foreign person to the extent that the amount is regarded as having been received or accrued from a source within the Republic in terms of section 9(2)*(b)*.

(2) For the purposes of this Part, interest is deemed to be paid on the earlier of the date on which the interest is paid or becomes due and payable.

(3) The withholding tax on interest is a final tax.

(4) Where a person making payment of any amount of interest to or for the benefit of a foreign person has withheld an amount as contemplated in section 50E(1), that person must, for the purposes of this Part, be deemed to have paid the amount so withheld to that foreign person.

Liability for tax

50C. (1) A foreign person to which an amount of interest is paid is liable for the withholding tax on interest to the extent that the interest is regarded as having been received by or accrued to that foreign person from a source within the Republic in terms of section 9(2)*(b)*.

(2) Where any amount of withholding tax on interest is—

(a) withheld as contemplated in section 50E(1); and

(b) paid as contemplated in section 50F(2),

(2) Paragraaf *(a)* van subartikel (1) word geag op 1 Julie 2013 in werking te getree het en is van toepassing ten opsigte van tantième wat op of na daardie datum betaal word of verskuldig en betaalbaar word.

(3) Paragraaf *(b)* van subartikel (1) tree op 1 Januarie 2015 in werking en is van toepassing ten opsigte van tantième wat op of na daardie datum betaal word of verskuldig en betaalbaar word.

Invoeging van Deel IVB in Hoofstuk II van Wet 58 van 1962

98. (1) Die volgende Deel word hierby in Hoofstuk II van die Inkomstebelastingwet, 1962, na Deel IVA ingevoeg:

"*DEEL IVB*

Terughoudingsbelasting op rente

Woordomskrywing

50A. (1) In hierdie Deel beteken—

'bank' enige—

(a) bank soos omskryf in artikel 1 van die Bankwet;

(b) onderlinge bank soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Onderlinge Banke, 1993 (Wet No. 124 van 1993); of

(c) koöperatiewe bank soos omskryf in artikel 1 van die 'Co-operative Banks Act, 2007' (Wet No. 40 van 2007);

'buitelandse persoon' 'n persoon wat nie 'n inwoner is nie;

'genoteerde skuld' enige skuld genoteer op 'n erkende beurs soos omskryf in paragraaf 1 van die Agtste Bylae;

'Nywerheid-ontwikkelingskorporasie' die Nywerheid-ontwikkelingskorporasie van Suid-Afrika, Beperk, geregistreer ingevolge die Wet op Nywerheid-ontwikkelingskorporasie, 1940 (Wet No. 22 van 1940);

'Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika' die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika Beperk, ingelyf ingevolge die Wet op die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika, 1997 (Wet No. 13 van 1997).

Heffing van terughoudingsbelasting op rente

50B. (1) Daar moet gehef word ten behoewe van die Nasionale Inkomstefonds 'n belasting, bekend te staan as die terughoudingsbelasting op rente, bereken teen die koers van 15 persent van die bedrag van enige rente wat betaal word deur 'n persoon aan of ten behoewe van enige buitelandse persoon namate die bedrag ingevolge artikel 9(2)*(b)* as ontvang of toegeval van 'n bron binne die Republiek beskou word.

(2) By die toepassing van hierdie Deel word rente geag betaal te wees op die vroegste van die datum waarop die rente betaal word of verskuldig en betaalbaar word.

(3) Die terughoudingsbelasting op rente is 'n finale belasting.

(4) Waar 'n persoon wat betaling maak van enige bedrag van rente aan of ten behoewe van 'n buitelandse persoon 'n bedrag teruggehou het soos in artikel 50E(1) beoog, moet daardie persoon by die toepassing van hierdie Deel geag word die bedrag aldus teruggehou aan daardie buitelandse persoon te betaal het.

Aanspreeklikheid vir belasting

50C. (1) 'n Buitelandse persoon waaraan 'n bedrag van rente betaal word, is aanspreeklik vir die terughoudingsbelasting op rente namate die rente ingevolge artikel 9(2)*(b)* as ontvang deur of toegeval aan daardie buitelandse persoon van 'n bron binne die Republiek beskou word.

(2) Waar enige bedrag van terughoudingsbelasting op rente—

(a) teruggehou word soos in artikel 50E(1) beoog; en

(b) betaal word soos in artikel 50F(2) beoog,

that amount of withholding tax on interest must be regarded as an amount that is paid in respect of that foreign person's liability under subsection (1).

Exemption from withholding tax on interest

50D. (1) Subject to subsection (2), there must be exempt from the withholding tax on interest any amount of interest—

(a) if that amount of interest is paid to any foreign person—

(i) by—

(aa) the government of the Republic in the national, provincial or local sphere;

(bb) any bank, the South African Reserve Bank, the Development Bank of Southern Africa or the Industrial Development Corporation; or

(cc) a headquarter company in respect of the granting of financial assistance as defined in section 31(1) to which section 31 does not apply as a result of the exclusions contained in section 31(5)*(a)*; or

(ii) in respect of any listed debt; or

(b) payable as contemplated in section 21(6) of the Financial Markets Act to any foreign person that is a client as defined in section 1 of that Act.

(2) Interest paid to a foreign person in respect of any amount advanced by the foreign person to a bank is not exempt from the withholding tax on interest if the amount is advanced in the course of any arrangement, transaction, operation or scheme to which the foreign person and any other person are parties and in terms of which the bank advances any amount to that other person on the strength of the amount advanced by the foreign person to the bank.

(3) A foreign person is exempt from the withholding tax on interest if—

(a) that foreign person is a natural person who was physically present in the Republic for a period exceeding 183 days in aggregate during the twelve-month period preceding the date on which the interest is paid; or

(b) the debt claim in respect of which that interest is paid is effectively connected with a permanent establishment of that foreign person in the Republic if that foreign person is registered as a taxpayer in terms of Chapter 3 of the Tax Administration Act.

Withholding of withholding tax on interest by payers of interest

50E. (1) Subject to subsections (2) and (3), any person who makes payment of any amount of interest to or for the benefit of a foreign person must withhold an amount of withholding tax on interest from that payment.

(2) A person must not withhold any amount from any payment contemplated in subsection (1)—

(a) to the extent that the interest is exempt from the withholding tax on interest in terms of section 50D(1); or

(b) if the foreign person to or for the benefit of which that payment is to be made has—

(i) by a date determined by the person making the payment; or

(ii) if the person making the payment did not determine a date as contemplated in subparagraph (i), by the date of the payment,

moet daardie bedrag van terughoudingsbelasting op rente beskou word as ’n bedrag wat ten opsigte van daardie buitelandse persoon se aanspreeklikheid kragtens subartikel (1) betaal word.

Vrystelling van terughoudingsbelasting op rente

50D. (1) Behoudens subartikel (2) moet daar vrygestel word van die terughoudingsbelasting op rente enige bedrag van rente—

(a) indien daardie bedrag van rente betaal word aan enige buitelandse persoon—

(i) deur—

(aa) die regering van die Republiek in die nasionale, provinsiale of plaaslike sfeer;

(bb) enige bank, die Suid-Afrikaanse Reserwebank, die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika of die Nywerheid-ontwikkelingskorporasie; of

(cc) ’n hoofkwartiermaatskappy ten opsigte van die verlening van finansiële bystand soos omskryf in artikel 31(1) waarop artikel 31 nie van toepassing is nie as gevolg van die uitsluitsels vervat in artikel 31(5)*(a)*; of

(ii) ten opsigte van enige genoteerde skuld; of

(b) betaalbaar soos beoog in artikel 21(6) van die ‘Financial Markets Act’ aan enige buitelandse persoon wat ’n kliënt is soos in artikel 1 van daardie Wet omskryf.

(2) Rente betaal aan ’n buitelandse persoon ten opsigte van enige bedrag voorgeskiet deur die buitelandse persoon aan ’n bank word nie vrygestel van die terughoudingsbelasting op rente nie indien die bedrag voorgeskiet word in die loop van enige reëling, transaksie, handeling of skema waarby die buitelandse persoon en enige ander persoon partye is en ingevolge waarvan die bank enige bedrag aan daardie ander persoon voorskiet op grond van die bedrag deur die buitelandse persoon aan die bank voorgeskiet.

(3) ’n Buitelandse persoon word vrygestel van die terughoudingsbelasting op rente indien—

(a) daardie buitelandse persoon ’n natuurlike persoon is wat fisies in die Republiek teenwoordig was vir ’n tydperk wat in totaal 183 dae oorskry gedurende die tydperk van twaalf maande wat die datum voorafgaan waarop die rente betaal word; of

(b) die skuldeis ten opsigte waarvan daardie rente betaal word effektief verbind is met ’n permanente saak van daardie buitelandse persoon in die Republiek indien daardie buitelandse persoon as ’n belastingpligtige ingevolge Hoofstuk 3 van die Wet op Belastingadministrasie geregistreer is.

Terughouding van terughoudingsbelasting op rente deur betalers van rente

50E. (1) Behoudens subartikels (2) en (3) moet enige persoon wat betaling maak van enige bedrag van rente aan of ten behoewe van ’n buitelandse persoon ’n bedrag van terughoudingsbelasting op rente van daardie betaling terughou.

(2) ’n Persoon moet nie enige bedrag van enige betaling beoog in subartikel (1) terughou nie —

(a) namate die rente van die terughoudingsbelasting op rente ingevolge artikel 50D(1) vrygestel is; of

(b) indien die buitelandse persoon aan of ten behoewe waarvan daardie betaling gemaak staan te word—

(i) teen ’n datum bepaal deur die persoon wat die betaling maak; of

(ii) indien die persoon wat die betaling maak nie ’n datum soos beoog in subparagraaf (i) bepaal het nie, teen die datum van die betaling,

submitted to the person making the payment a declaration in such form as may be prescribed by the Commissioner that the foreign person is, in terms of section 50D(3), exempt from the withholding tax on interest in respect of that payment.

(3) The rate referred to in subsection (1) must, for the purposes of that subsection, be reduced if the foreign person to or for the benefit of which the payment contemplated in that subsection is to be made has—

(a) by a date determined by the person making the payment; or

(b) if the person making the payment did not determine a date as contemplated in paragraph *(a)*, by the date of the payment,

submitted to the person making the payment—

(i) a declaration in such form as may be prescribed by the Commissioner that the interest is subject to that reduced rate of tax as a result of the application of an agreement for the avoidance of double taxation; and

(ii) a written undertaking in such form as may be prescribed by the Commissioner to forthwith inform the person making the payment in writing should the circumstances affecting the application of the agreement referred to in subparagraph (i) change.

Payment and recovery of tax

12D. (1) Wanneer 'n fonds slegs bestaan uit omskrewe bydraekomponente is die kontantekwivalent van die waarde van die voordeel beoog in paragraaf (2)*(l)* die waarde van die bedrag bygedra deur die werkgewer ten behoewe van 'n werknemer wat 'n lid van daardie fonds is.

(2) In enige ander geval is die kontantekwivalent van die waarde van die voordeel beoog in paragraaf (2)*(l)* die totaal van die waarde van—

(a) die bedrag bygedra deur die werkgewer ten opsigte van die omskrewe bydraekomponent van die fonds ten behoewe van 'n werknemer wat 'n lid van daardie fonds is, soos vasgestel deur die fonds op die wyse deur die Minister ingevolge subparagraaf (3) voorgeskryf; en

(b) die bedrag bygedra deur die werkgewer ten opsigte van die omskrewe voordeelkomponent van die fonds ten behoewe van 'n werknemer wat 'n lid van daardie fonds is vasgestel ooreenkomstig die volgende formule:

$$X = Y \times ((A \times AF) + (L \times LF)) - V,$$

in welke formule—

(i) 'X' die bedrag bepaal te word, voorstel;
'Y' die uittredingfunderingsinkomste van die werknemer voorstel;
'A' die annuïteittoevallingskoers van die werknemer voorstel;
'AF' die annuïteitfondsfaktor voorstel;
'L' die enkelbedragtoevallingskoers van die werknemer voorstel; en
'LF' die enkelbedragfondsfaktor voorstel,
bepaal deur die fonds op die wyse deur die Minister ingevolge subparagraaf (3) voorgeskryf; en

(ii) 'V' die waarde van die voordeel bepaal ingevolge item *(a)* voorstel.

(3) Die Minister mag by regulasie die wyse voorskryf waarop 'n fonds—

(a) die omskrewe bydraekomponent van die fonds in subparagraaf (2)*(a)* beoog, moet bepaal;

(b) die omskrewe voordeelkomponent van 'n fonds in subparagraaf (2)*(b)* beoog, moet bepaal;

(c) die annuïteittoevallingskoers van die fonds in simbool 'A' van die formule in subparagraaf (2) beoog, moet bepaal;

(d) die annuïteitfondsfaktor in simbool 'AF' van die formule in subparagraaf (2) beoog, moet bepaal;

(e) die enkelbedragtoevallingskoers in simbool 'L' van die formule in subparagraaf (2) beoog, moet bepaal; en

(f) die enkelbedragfondsfaktor in simbool 'LF' van die formule in subparagraaf (2) beoog, moet bepaal.

(4) By die toepassing van hierdie paragraaf word enige bydrae of betaling deur 'n werkgewer aan 'n fonds gemaak ten opsigte van risikovoordele deur die fonds regstreeks of onregstreeks ten behoewe van 'n lid van die fonds voorsien, geag 'n bydrae gemaak ten opsigte van 'n omskrewe bydraekomponent van daardie fonds te wees.

(5) Geen waarde moet ingevolge hierdie paragraaf geheg word nie aan die belasbare voordeel verkry uit enige bydrae deur 'n werkgewer aan 'n fonds gemaak—

(a) ten behoewe van 'n lid van daardie fonds wat uit daardie fonds afgetree het; of

(b) ten opsigte van die afhanklikes of benoemdes van 'n oorlede lid van daardie fonds.".

(2) Subartikel (1) tree op 1 Maart 2015 in werking en is van toepassing ten opsigte van bydraes op of na daardie datum gemaak.

Amendment of paragraph 11 of Eighth Schedule to Act 58 of 1962, as amended by section 71 of Act 60 of 2001, section 67 of Act 74 of 2002, section 92 of Act 45 of 2003, section 55 of Act 32 of 2004, section 66 of Act 31 of 2005, section 44 of Act 20 of 2006, section 74 of Act 60 of 2008 and section 106 of Act 22 of 2012

126. (1) Paragraph 11 of the Eighth Schedule to the Income Tax Act, 1962, is hereby amended—

(a) by the substitution in subparagraph (1) for item *(e)* of the following item:

"*(e)* the distribution of an asset by a company to a **[shareholder]** holder of shares;";

(b) by the substitution in subparagraph (2)*(b)* for subitems (i) and (ii) of the following subitems:

"(i) the issue or cancellation of a share **[or member's interest]** in the company; or

(ii) the granting of an option to acquire a share **[or member's interest]** in or certificate acknowledging or creating a debt owed by that company;";

(c) by the substitution in subparagraph (2) for item *(b)* of the following item:

"*(b)* by a company in respect of—

(i) the issue **[or]**, cancellation or extinction of a share in the company; or

(ii) the granting of an option to acquire a share in or certificate acknowledging or creating a debt owed by that company,

other than a share, option or certificate issued to any person by a company that is a resident in exchange, directly or indirectly, for shares in a foreign company;";

(d) by the substitution in subparagraph (2) at the end of item *(k)* for the full stop of a semi-colon; and

(e) by the insertion in subparagraph (2) after item *(k)* of the following item:

"*(l)* by a person of shares held in a company where that company—

(i) subdivides or consolidates those shares;

(ii) converts shares of par value to no par value or of no par value to par value; or

(iii) converts shares in terms of section 40A or 40B,

solely in substitution of the shares held by that person, and—

(aa) the proportionate participation rights and interests of that person in that company remain unaltered; and

(bb) no other consideration whatsoever passes directly or indirectly in consequence of that subdivision, consolidation or conversion.".

(2) Paragraph *(c)* of subsection (1) comes into operation on 1 April 2014 and applies in respect of shares issued on or after that date.

(3) Paragraphs *(d)* and *(e)* of subsection (1) are deemed to have come into operation on 4 July 2013 and apply in respect of transactions entered into on or after that date.

Amendment of paragraph 12A of Eighth Schedule to Act 58 of 1962, as inserted by section 108 of Act 22 of 2012

127. (1) Paragraph 12A of the Eighth Schedule to the Income Tax Act, 1962, is hereby amended—

(a) by the substitution for the heading of the following heading:

"**Reduction [or cancellation] of debt**";

(b) by the substitution in subparagraph (2)*(a)* for subitem (ii) of the following subitem:

"(ii) incurred in **[the acquisition, creation or improvement]** respect of an allowance asset; and";

(c) by the substitution in subparagraph (3) for item *(b)* of the following item:

"*(b)* the amount of that debt was used as contemplated in item *(a)* of that subparagraph to fund expenditure incurred in **[the acquisition,**

Wysiging van paragraaf 11 van Agtste Bylae by Wet 58 van 1962, soos gewysig deur artikel 71 van Wet 60 van 2001, artikel 67 van Wet 74 van 2002, artikel 92 van Wet 45 van 2003, artikel 55 van Wet 32 van 2004, artikel 66 van Wet 31 van 2005, artikel 44 van Wet 20 van 2006, artikel 74 van Wet 60 van 2008 en artikel 106 van Wet 22 van 2012

126. (1) Paragraaf 11 van die Agtste Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—

(a) deur in subparagraaf (1) item *(e)* deur die volgende item te vervang:

"*(e)* die uitkering van 'n bate deur 'n maatskappy aan 'n **[aandeelhouer]** houer van aandele;";

(b) deur in subparagraaf (2)*(b)* subitems (i) en (ii) deur die volgende subitems te vervang:

"(i) die uitreiking of kansellasie van 'n aandeel **[of ledebelang]** in die maatskappy; of

(ii) die verlening van 'n opsie om 'n aandeel **[of ledebelang]** in of sertifikaat wat 'n skuld verskuldig deur daardie maatskappy erken of skep, te verkry;";

(c) deur in subparagraaf (2) item *(b)* deur die volgende item te vervang:

"*(b)* deur 'n maatskappy ten opsigte van—

(i) die uitreiking **[of]**, kansellasie of uitwissing van 'n aandeel in die maatskappy; of

(ii) die verlening van 'n opsie om 'n aandeel in of sertifikaat wat 'n skuld verskuldig deur daardie maatskappy erken of skep, te verkry,

buiten 'n aandeel, opsie of sertifikaat uitgereik aan enige persoon deur 'n maatskappy wat 'n inwoner is in ruil, regstreeks of onregstreeks, vir aandele in 'n buitelandse maatskappy;";

(d) deur in subparagraaf (2) aan die einde van item *(k)* die punt deur 'n kommapunt te vervang; en

(e) deur in subparagraaf (2) na item *(k)* die volgende item in te voeg:

"*(l)* deur 'n persoon van aandele gehou in 'n maatskappy waar daardie maatskappy—

(i) daardie aandele onderverdeel of konsolideer;

(ii) aandele van pariwaarde na nie-pariwaarde of nie-pariwaarde na pariwaarde omskep; of

(iii) aandele ingevolge artikel 40A of 40B omskep,

slegs ter vervanging van die aandele gehou deur daardie persoon, en—

(aa) die proporsionele deelnemende regte en belange van daardie persoon in daardie maatskappy onveranderd bly; en

(bb) geen ander vergoeding hoegenaamd regstreeks of onregstreeks ten gevolge van daardie onderverdeling, konsolidering of omskepping oorgaan nie.".

(2) Paragraaf *(c)* van subartikel (1) tree op 1 April 2014 in werking en is van toepassing van aandele op of na daardie datum uitgereik.

(3) Paragrawe *(d)* en *(e)* van subartikel (1) word geag op 4 Julie 2013 in werking te getree het en is van toepassing ten opsigte van transaksies op of na daardie datum aangegaan.

Wysiging van paragraaf 12A van Agtste Bylae by Wet 58 van 1962, soos ingevoeg deur artikel 108 van Wet 22 van 2012

127. (1) Paragraaf 12A van die Agtste Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—

(a) deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:

"**Vermindering [of kansellasie] van skuld**";

(b) deur in subparagraaf (2)*(a)* subitem (ii) deur die volgende subitem te vervang:

"(ii) aangegaan **[in die verkryging, skepping of verbetering]** ten opsigte van 'n afskryfbare bate; en";

(c) deur in subparagraaf (3) item *(b)* deur die volgende item te vervang:

"*(b)* die bedrag van daardie skuld gebruik is soos beoog in item *(a)* van daardie subparagraaf om uitgawes aangegaan **[in die verkryging,**

creation or improvement] respect of an asset that is held by that person at the time of the reduction of the debt,";

(d) by the substitution in subparagraph (4)*(b)* for subitems (i) and (ii) of the following subitems:

"(i) expenditure incurred in **[the acquisition, creation or improvement]** respect of an asset (other than an allowance asset) that is held by that person at the time of the reduction of the debt, and subparagraph (3) has been applied to reduce any expenditure in respect of that asset to the full extent of that expenditure; or

(ii) expenditure incurred in **[the acquisition, creation or improvement]** respect of an asset (other than an allowance asset) that is no longer held by that person at the time of the reduction of that debt,"; and

(e) by the substitution in subparagraph (5) for the words preceding item *(a)* of the following words:

"Where subparagraph (3) or (4) applies in respect of a debt that was used to fund expenditure **[incurred]** in respect of a pre-valuation date asset of a person, for the purposes of determining the date of acquisition of that asset and the expenditure incurred in respect of **[the cost of acquisition, creation or improvement of]** that asset, that person must be treated as having—".

(2) Subsection (1) is deemed to have come into operation on 1 January 2013 and applies in respect of years of assessment commencing on or after that date.

Amendment of paragraph 13 of Eighth Schedule to Act 58 of 1962, as amended by section 69 of Act 74 of 2002, section 57 of Act 32 of 2004, section 51 of Act 3 of 2008, section 76 of Act 60 of 2008, section 68 of Act 17 of 2009 and section 109 of Act 22 of 2012

128. Paragraph 13 of the Eighth Schedule to the Income Tax Act, 1962, is hereby amended by the substitution in subparagraph (1) for item *(e)* of the following item:

"*(e)* the distribution of an asset by a company to a **[shareholder]** holder of shares, is the date on which that asset is so distributed as contemplated in paragraph 75;".

Amendment of paragraph 16 of Eighth Schedule to Act 58 of 1962, as inserted by section 38 of Act 5 of 2001

129. Paragraph 16 of the Eighth Schedule to the Income Tax Act, 1962, is hereby amended by the substitution in subparagraph (2) for item *(b)* of the following item:

"*(b)* any patent as defined in the Patents Act**[, 1978 (Act No. 57 of 1978),]** or any design as defined in the Designs Act**[, 1993 (Act No. 195 of 1993),]** or any trade mark as defined in the Trade Marks Act**[, 1993 (Act No. 194 of 1993),]** or any copyright as defined in the Copyright Act**[, 1978 (Act No. 98 of 1978),]** or any rights recognised under the Plant Breeders' Rights Act, **[1996]** 1976 (Act No. 15 of **[1996]** 1976), or any model, pattern, plan, formula or process or any other property or right of a similar nature;".

Amendment of paragraph 20 of Eighth Schedule to Act 58 of 1962, as amended by section 26 of Act 19 of 2001, section 75 of Act 60 of 2001, section 71 of Act 74 of 2002, section 95 of Act 45 of 2003, section 58 of Act 32 of 2004, section 68 of Act 31 of 2005, section 45 of Act 20 of 2006, section 60 of Act 8 of 2007, section 73 of Act 35 of 2007, section 52 of Act 3 of 2008, section 77 of Act 60 of 2008, section 95 of Act 7 of 2010, section 110 of Act 24 of 2011 and section 111 of Act 22 of 2012

130. (1) Paragraph 20 of the Eighth Schedule to the Income Tax Act, 1962, is hereby amended—

(a) by the substitution in subparagraph (1) for item *(g)* of the following item:

"*(g)* one-third of the interest as contemplated in section 24J excluding

skepping of verbetering] ten opsigte van ’n bate wat gehou word deur daardie persoon op die tydstip van die vermindering van die skuld te befonds,’’;

(d) deur in subparagraaf (4)*(b)* subitems (i) en (ii) deur die volgende subitems te vervang:

‘‘(i) uitgawes te befonds wat aangegaan is **[in die verkryging, skepping of verbetering]** ten opsigte van ’n bate (buiten ’n afskryfbare bate) wat gehou word deur daardie persoon op die tydstip van die vermindering van die skuld, en subparagraaf (3) is toegepas om enige uitgawes ten opsigte van daardie bate te verminder tot die volle bedrag van daardie uitgawes; of

(ii) uitgawes te befonds wat aangegaan is **[in die verkryging, skepping of verbetering]** ten opsigte van ’n bate (buiten ’n afskryfbare bate) wat nie meer deur daardie persoon gehou word nie op die tydstip van die vermindering van daardie skuld,’’; en

(e) deur in subparagraaf (5) die woorde wat item *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

‘‘Waar subparagraaf (3) of (4) van toepassing is ten opsigte van ’n skuld wat gebruik is om uitgawes te befonds **[wat aangegaan is]** ten opsigte van ’n voor-waardasiedatumbate van ’n persoon met die doel om die datum van verkryging van daardie bate te bepaal en die uitgawes aangegaan ten opsigte van **[die koste van verkryging, skepping of verbetering van]** daardie bate, word daardie persoon behandel asof—’’.

(2) Subartikel (1) word geag op 1 Januarie 2013 in werking te getree het en is van toepassing ten opsigte van jare van aanslag wat op of na daardie datum begin.

Wysiging van paragraaf 13 van Agtste Bylae by Wet 58 van 1962, soos gewysig deur artikel 69 van Wet 74 van 2002, artikel 57 van Wet 32 van 2004, artikel 51 van Wet 3 van 2008, artikel 76 van Wet 60 van 2008, artikel 68 van Wet 17 van 2009 en artikel 109 van Wet 22 van 2012

128. Paragraaf 13 van die Agtste Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur in subparagraaf (1) item *(e)* deur die volgende item te vervang:

‘‘*(e)* die uitkering van ’n bate deur ’n maatskappy aan ’n **[aandeelhouer]** houer van aandele, is die datum waarop daardie bate aldus uitgekeer word soos in paragraaf 75 beoog;’’.

Wysiging van paragraaf 16 van Agtste Bylae by Wet 58 van 1962, soos ingevoeg deur artikel 38 van Wet 5 van 2001

129. Paragraaf 16 van die Agtste Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur in subparagraaf (2) item *(b)* deur die volgende item te vervang:

‘‘*(b)* enige patent soos omskryf in die Wet op Patente**[, 1978 (Wet No. 57 van 1978),]** of enige model soos omskryf in die Wet op Modelle**[, 1993 (Wet No. 195 van 1993),]** of enige handelsmerk soos omskryf in die Wet op Handelsmerke**[, 1993 (Wet No. 194 van 1993),]** of enige outeursreg soos omskryf in die Wet op Outeursreg**[, 1978 (Wet No. 98 van 1978),]** of enige regte erken kragtens die Wet op Planttelersregte, 1976 (Wet No. 15 van 1976), of enige ontwerp, patroon, plan, formule of proses of enige ander eiendom of reg van ’n soortgelyke aard;’’.

Wysiging van paragraaf 20 van Agtste Bylae by Wet 58 van 1962, soos gewysig deur artikel 26 van Wet 19 van 2001, artikel 75 van Wet 60 van 2001, artikel 71 van Wet 74 van 2002, artikel 95 van Wet 45 van 2003, artikel 58 van Wet 32 van 2004, artikel 68 van Wet 31 van 2005, artikel 45 van Wet 20 van 2006, artikel 60 van Wet 8 van 2007, artikel 73 van Wet 35 van 2007, artikel 52 van Wet 3 van 2008, artikel 77 van Wet 60 van 2008, artikel 95 van Wet 7 van 2010, artikel 110 van Wet 24 van 2011 en artikel 111 van Wet 22 van 2012

130. (1) Paragraaf 20 van die Agtste Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—

(a) deur in subparagraaf (1) item *(g)* deur die volgende item te vervang:

‘‘*(g)* een-derde van die rente soos in artikel 24J beoog uitsluitend enige

any interest contemplated in section 24O on money borrowed to finance the expenditure contemplated in items *(a)* or *(e)* in respect of a share listed on a recognised exchange or a participatory interest in a portfolio of a collective investment scheme (including money borrowed to refinance those borrowings);''; and

(b) by the deletion of subparagraph (4).

(2) Paragraph *(a)* of subsection (1) comes into operation on 1 January 2014 and applies in respect of disposals made on or after that date.

(3) Paragraph *(b)* of subsection (1) comes into operation on 1 April 2014 and applies in respect of years of assessment commencing on or after that date.

Amendment of paragraph 31 of Eighth Schedule to Act 58 of 1962, as inserted by section 38 of Act 5 of 2001 and amended by section 83 of Act 60 of 2001, section 78 of Act 74 of 2002, section 49 of Act 20 of 2006, section 62 of Act 8 of 2007 and section 97 of Act 7 of 2010

131. Paragraph 31 of the Eighth Schedule to the Income Tax Act, 1962, is hereby amended—

(a) by the substitution in subparagraph (1)*(b)* for the words preceding subitem (i) of the following words:

''an asset which is a long-term insurance policy, being a policy as defined in section 1 of the Long-term Insurance Act**[, 1998 (Act No. 52 of 1998),]** the greater of—''; and

(b) by the substitution in subparagraph (3) for item *(b)* of the following item:

''*(b)* if upon the winding-up of the company that person would have been entitled to share in the assets of the company to **[a greater]** an extent **[*pro rata* to shareholding than other shareholders]** that is not in proportion to that person's holding of shares, the value of the shares held by that **[shareholder]** holder of shares must not be less than the amount to which that **[shareholder]** holder of shares would have been so entitled if the company had been in the course of winding-up and the said amount had been determined as at valuation date.''.

Amendment of paragraph 32 of Eighth Schedule to Act 58 of 1962, as inserted by section 38 of Act 5 of 2001 and amended by section 28 of Act 19 of 2001, section 84 of Act 60 of 2001, section 39 of Act 30 of 2002, section 79 of Act 74 of 2002 and section 113 of Act 22 of 2012

132. Paragraph 32 of the Eighth Schedule to the Income Tax Act, 1962, is hereby amended by the substitution in subparagraph (3A)*(b)* for subitems (ii) and (iii) of the following subitems:

''(ii) in any portfolio comprised in any collective investment scheme managed or carried on by a company registered as a manager under section 42 of the Collective Investment Schemes Control Act**[, 2002,]** for purposes of Parts IV and V of that Act; or

(iii) in any arrangement or scheme contemplated in paragraph *(e)*(ii) of the definition of 'company' in section 1 of the Act, which is approved in terms of section 65 of the Collective Investment Schemes Control Act**[, 2002,]** by the Registrar as defined in section 1 of the latter Act;''.

Amendment of paragraph 35 of Eighth Schedule to Act 58 of 1962, as inserted by section 38 of Act 5 of 2001 and amended by section 86 of Act 60 of 2001

133. (1) Paragraph 35 of the Eighth Schedule to the Income Tax Act, 1962, is hereby amended by the insertion after subparagraph (1) of the following subparagraph:

''(1A) The amount of proceeds from the disposal of a share, option or certificate issued to any person by a resident company in exchange, directly or indirectly, for shares in a foreign company as contemplated in paragraph 11(2)*(b)* must be treated as an amount equal to the fair market value of the shares in the foreign company.''.

rente in 24O beoog op geld geleen om die uitgawes in items *(a)* of *(e)* beoog te finansier ten opsigte van ’n aandeel op ’n erkende beurs genoteer of ’n deelnemende belang in ’n portefeulje van ’n kollektiewe beleggingskema (insluitend geld geleen om daardie lenings te herfinansier);’’; en

(b) deur subparagraaf (4) te skrap.

(2) Paragraaf *(a)* van subartikel (1) tree op 1 Januarie 2014 in werking en is van toepassing ten opsigte van beskikkings op of na daardie datum gemaak.

(3) Paragraaf *(b)* van subartikel (1) tree op 1 April 2014 in werking en is van toepassing ten opsigte van jare van aanslag wat op of na daardie datum begin.

Wysiging van paragraaf 31 van Agtste Bylae by Wet 58 van 1962, soos ingevoeg deur artikel 38 van Wet 5 van 2001 en gewysig deur artikel 83 van Wet 60 van 2001, artikel 78 van Wet 74 van 2002, artikel 49 van Wet 20 van 2006, artikel 62 van Wet 8 van 2007 en artikel 97 van Wet 7 van 2010

131. Paragraaf 31 van die Agtste Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—

(a) deur in subparagraaf (1)*(b)* die woorde wat subitem (i) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

‘‘ ’n bate wat ’n langtermynversekeringspolis is, synde ’n polis soos in artikel 1 van die **[Wet op Langtermynversekering, 1998 (Wet No. 52 van 1998),]** Langtermynversekeringswet omskryf, die grootste van—’’; en

(b) deur in subparagraaf (3) item *(b)* deur die volgende item te vervang:

‘‘*(b)* indien by likwidasie van die maatskappy daardie persoon op ’n **[groter]** deel van die bates van die maatskappy geregtig sou gewees het **[*pro rata* volgens aandelebesit as ander aandeelhouers]** wat nie in verhouding tot daardie persoon se aandeelhouding is nie, moet die waarde van die aandele deur daardie **[aandeelhouer]** houer van aandele gehou nie minder wees nie as die bedrag waarop die **[aandeelhouer]** houer van aandele aldus geregtig sou gewees het indien die maatskappy in ’n proses van likwidasie was en daardie bedrag vasgestel was soos op waardasiedatum.’’.

Wysiging van paragraaf 32 van Agtste Bylae by Wet 58 van 1962, soos ingevoeg deur artikel 38 van Wet 5 van 2001 en gewysig deur artikel 28 van Wet 19 van 2001, artikel 84 van Wet 60 van 2001, artikel 39 van Wet 30 van 2002, artikel 79 van Wet 74 van 2002 en artikel 113 van Wet 22 van 2012

132. Paragraaf 32 van die Agtste Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur in subparagraaf (3A)*(b)* subitems (ii) en (iii) deur die volgende subitems te vervang:

‘‘(ii) in enige portefeulje van ’n kollektiewe beleggingskema bestuur of bedryf deur ’n maatskappy wat ingevolge artikel 42 van die Wet op die Beheer van Kollektiewe Beleggingskemas**[, 2002,]** as ’n bestuurder vir doeleindes van Dele IV en V van daardie Wet geregistreer is, uitmaak; of

(iii) in enige reëling of skema in paragraaf *(e)*(ii) van die omskrywing van ‘‘maatskappy’’ in artikel 1 van die Wet bedoel, wat ingevolge artikel 65 van die Wet op die Beheer van Kollektiewe Beleggingskemas**[, 2002,]** deur die Registrateur soos in artikel 1 van daardie Wet omskryf goedgekeur is, uitmaak;’’.

Wysiging van paragraaf 35 van Agtste Bylae by Wet 58 van 1962, soos ingevoeg deur artikel 38 van Wet 5 van 2001 en gewysig deur artikel 86 van Wet 60 van 2001

133. (1) Paragraaf 35 van die Agtste Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur na subparagraaf (1) die volgende subparagraaf in te voeg:

‘‘(1A) Die bedrag van opbrengs uit die beskikking oor ’n aandeel, opsie of sertifikaat uitgereik aan enige persoon deur ’n inwonermaatskappy in ruil, regstreeks of onregstreeks, vir aandele in ’n buitelandse maatskappy soos in paragraaf 11(2)*(b)* beoog, moet behandel word as ’n bedrag gelyk aan die billike markwaarde van die aandele in die buitelandse maatskappy.’’.

(2) Subsection (1) comes into operation on 1 January 2014 and applies in respect of shares issued on or after that date.

Amendment of paragraph 38 of Eighth Schedule to Act 58 of 1962, as inserted by section 38 of Act 5 of 2001 and amended by section 87 of Act 60 of 2001, section 81 of Act 74 of 2002, section 63 of Act 32 of 2004, section 72 of Act 31 of 2005, section 98 of Act 7 of 2010 and section 114 of Act 22 of 2012

134. (1) Paragraph 38 of the Eighth Schedule to the Income Tax Act, 1962, is hereby amended—

(a) by the deletion in subparagraph (2) after item *(a)* of the word "or";

(b) by the addition in subparagraph (2) after item *(c)* of the word "or"; and

(c) by the substitution in subparagraph (2) for item *(e)* of the following item:

"*(e)* any asset in respect of which section **[24B]** 40CA applies.".

(2) Subsection (1) is deemed to have come into operation on 1 April 2013 and applies in respect of shares acquired or disposed of on or after that date.

Repeal of paragraph 42A of Eighth Schedule to Act 58 of 1962

135. Paragraph 42A of the Eighth Schedule to the Income Tax Act, 1962, is hereby repealed.

Amendment of paragraph 43 of Eighth Schedule to Act 58 of 1962, as inserted by section 38 of Act 5 of 2001 and amended by section 91 of Act 60 of 2001, section 84 of Act 74 of 2002, section 101 of Act 45 of 2003, section 75 of Act 31 of 2005, section 51 of Act 20 of 2006, section 76 of Act 35 of 2007, section 100 of Act 7 of 2010, section 111 of Act 24 of 2011 and section 117 of Act 22 of 2012

136. (1) Paragraph 43 of the Eighth Schedule to the Income Tax Act, 1962, is hereby amended—

(a) by the substitution for subparagraph (1) of the following subparagraph:

"(1) Where, during any year of assessment, a person that is a natural person or a trust that is not carrying on a trade disposes of an asset for proceeds in a foreign currency **[other than the currency of the Republic]** after having incurred expenditure in respect of that asset in the same currency, that person must determine the capital gain or capital loss on the disposal in that currency and that capital gain or capital loss must be translated to the local currency **[of the Republic]** by applying the average exchange rate for the year of assessment in which that asset was disposed of or by applying the spot rate on the date of disposal of that asset.";

(b) by the substitution for subparagraph (1A) of the following subparagraph:

"(1A) Where, during any year of assessment, a person **[that is a company or a trust carrying on a trade]** disposes of an asset (other than a disposal contemplated in subparagraph (1)) for proceeds in a foreign currency **[other than the currency of the Republic]** or after having incurred expenditure in respect of that asset in **[the same]** a foreign currency, that person must, for the purposes of determining the capital gain or capital loss on the disposal of that asset, translate—

(a) the proceeds into the local currency **[of the Republic]** at the average exchange rate for the year of assessment in which that asset was disposed of or at the spot rate on the date of disposal of that asset; and

(b) the expenditure incurred in respect of that asset into the local currency **[of the Republic]** at the average exchange rate for the year of assessment during which that expenditure was incurred or at the spot rate on the date on which that expenditure was incurred.";

(2) Subartikel (1) tree op 1 Januarie 2014 in werking en is van toepassing ten opsigte van aandele op of na daardie datum uitgereik.

Wysiging van paragraaf 38 van Agtste Bylae by Wet 58 van 1962, soos ingevoeg deur artikel 38 van Wet 5 van 2001 en gewysig deur artikel 87 van Wet 60 van 2001, artikel 81 van Wet 74 van 2002, artikel 63 van Wet 32 van 2004, artikel 72 van Wet 31 van 2005, artikel 98 van Wet 7 van 2010 en artikel 114 van Wet 20 van 2012

134. (1) Paragraaf 38 van die Agtste Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—

(a) deur in subparagraaf (2) na item *(c)* die woord "of" te skrap;

(b) deur in subparagraaf (2) na item *(c)* die woord "of" by te voeg; en

(c) deur in subparagraaf (2) item *(e)* deur die volgende item te vervang:

"*(e)* 'n bate ten opsigte waarvan artikel **[24B]** 40CA van toepassing is.".

(2) Subartikel (1) word geag op 1 April 2013 in werking te getree het en is van toepassing ten opsigte van aandele op of na daardie datum verkry of oor beskik.

Herroeping van paragraaf 42A van Agtste Bylae by Wet 58 van 1962

135. Paragraaf 42A van die Agtste Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby herroep.

Wysiging van paragraaf 43 van Agtste Bylae by Wet 58 van 1962, soos ingevoeg deur artikel 38 van Wet 5 van 2001 en gewysig deur artikel 91 van Wet 60 van 2001, artikel 84 van Wet 74 van 2002, artikel 101 van Wet 45 van 2003, artikel 75 van Wet 31 van 2005, artikel 51 van Wet 20 van 2006, artikel 76 van Wet 35 van 2007, artikel 100 van Wet 7 van 2010, artikel 111 van Wet 24 van 2011 en artikel 117 van Wet 22 van 2012

136. (1) Paragraaf 43 van die Agtste Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962 word hierby gewysig—

(a) deur subparagraaf (1) deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(1) Waar, gedurende enige jaar van aanslag, 'n persoon wat 'n natuurlike persoon is of 'n trust is wat nie 'n bedryf beoefen nie oor 'n bate beskik vir 'n opbrengs in 'n buitelandse geldeenheid **[anders as die geldeenheid van die Republiek]** nadat 'n onkoste ten opsigte van daardie bate in dieselfde geldeenheid aangegaan is, moet daardie persoon die kapitaalwins of kapitaalverlies by die beskikking vasstel in daardie geldeenheid en daardie kapitaalwins of kapitaalverlies moet na die plaaslike geldeenheid **[van die Republiek,]** omgeskakel word, teen die gemiddelde wisselkoers vir die betrokke jaar van aanslag waarin oor daardie bate beskik is of teen die kontantkoers op die datum waarop oor daardie bate beskik is.";

(b) deur subparagraaf (1A) deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(1A) Waar, gedurende enige jaar van aanslag, 'n persoon **[wat 'n maatskappy is of 'n trust wat 'n bedryf beoefen,]** beskik oor 'n bate (buiten 'n beskikking in subparagraaf (1) beoog) vir opbrengs in 'n **[ander valuta as die valuta van die Republiek]** buitelandse geldeenheid of nadat die persoon uitgawes ten opsigte van daardie bate in **[dieselfde valuta]** 'n buitelandse geldeenheid aangegaan het, moet daardie persoon met die doel om die kapitaalwins of kapitaalverlies op die beskikking oor daardie bate te bepaal—

(a) die opbrengs omskakel na die **[valuta van die Republiek]** plaaslike geldeenheid teen die gemiddelde wisselkoers vir die jaar van aanslag waarin oor daardie bate beskik is of teen die sluitingskontantkoers op die datum van beskikking oor daardie bate; en

(b) die uitgawes aangegaan ten opsigte van daardie bate omskakel na die **[valuta van die Republiek]** plaaslike geldeenheid teen die gemiddelde wisselkoers vir die jaar van aanslag waartydens daardie uitgawes aangegaan is of teen die sluitingskontantkoers op die datum waarop daardie uitgawes aangegaan is.";

(c) by the deletion of subparagraph (2);
(d) by the deletion of subparagraph (5A);
(e) by the substitution for subparagraph (6) of the following subparagraph:
"(6) Where a person has adopted the market value as the valuation date value of any asset contemplated in this paragraph, that market value must be determined in the currency of expenditure of that asset and**[, in the case of an asset—**
(a) **contemplated in subparagraph (2)*(b)* and (4), must be translated to the local currency by applying the spot rate on valuation date; or**
(b) **contemplated in subparagraph (2)*(c)*, must be]** translated to the local currency **[of disposal at the ruling exchange]** by applying the spot rate on valuation date.";
(f) by the substitution in subparagraph (6A) for the words preceding item *(a)* of the following words:
"**[This paragraph]** Subparagraph (1A) must not apply in respect of the disposal by a person of—";
(g) by the deletion in subparagraph (6A) of item *(a)*;
(h) by the substitution in subparagraph (6A) for item *(b)* of the following item:
"*(b)* any amount **[in any currency owing to that person in respect]** of a debt owed to that person denominated in a foreign currency; or";
(i) by the substitution in subparagraph (6A)*(c)* for subitem (ii) of the following subitem:
"(ii) the value of that right and the amount of that obligation are determined directly or indirectly with reference to **[an asset contemplated in item *(a)* or]** an amount contemplated in item *(b)*.";
(j) by the substitution in subparagraph (7) for item *(b)* of the definition of "local currency" of the following item:
"*(b)* in relation to a headquarter company, in respect of amounts which are not attributable to a permanent establishment outside the Republic, the functional currency of that headquarter company; or";
(k) by the deletion in subparagraph (7) of the definition of "local currency" at the end of item *(b)* of the word "or"; and
(l) by the substitution in subparagraph (7) for item *(c)* of the definition of "local currency" of the following items:
"*(c)* in relation to a domestic treasury management company, in respect of amounts which are not attributable to a permanent establishment outside the Republic, the functional currency of that domestic treasury management company;
(d) in relation to an international shipping company defined in section 12Q, in respect of amounts which are not attributable to a permanent establishment outside the Republic, the functional currency of that international shipping company; or
(e) in any other case, the currency of the Republic.".

(2) Paragraph *(a)* comes into operation on 1 March 2014 and applies in respect of disposals made on or after that date.

(3) Paragraphs *(b)*, *(c)*, *(d)*, *(e)*, *(f)*, *(g)*, *(h)* and *(i)* of subsection (1) come into operation on the date of promulgation of this Act and apply in respect of disposals made on or after that date.

(4) Paragraph *(j)* of subsection (1) is deemed to have come into operation on 27 February 2013 and applies in respect of years of assessment commencing on or after that date.

(5) Paragraphs *(k)* and *(l)* of subsection (1) come into operation on 1 April 2014 and apply in respect of years of assessment commencing on or after that date.

(c) deur subparagraaf (2) te skrap;
(d) deur subparagraaf (5A) te skrap;
(e) deur subparagraaf (6) deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(6) Waar 'n persoon die markwaarde as die waardasiedatum waarde van 'n bate in hierdie paragraaf bedoel aangeneem het, moet daardie markwaarde vasgestel word in die geldeenheid van onkoste van daardie bate en moet**[, in die geval van 'n bate—**

(a) **in subparagraaf (2)*(b)* en (4) bedoel, na die plaaslike geldeenheid omgeskakel word teen die kontantkoers op waardasiedatum; of**

(b) **in subparagraaf (2)*(c)* bedoel,]** na die plaaslike geldeenheid **[van beskikking]** omgeskakel word **[teen die heersende wisselkoers]** deur die kontantkoers op waardasiedatum toe te pas.";

(f) deur in subparagraaf (6A) die woorde wat item *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"**[Hierdie paragraaf]** Subparagraaf (1A) is nie van toepassing nie ten opsigte van die beskikking deur 'n persoon—";

(g) deur in subparagraaf (6A) item *(a)* te skrap;
(h) deur in subparagraaf (6A) item *(b)* deur die volgende item te vervang:

"*(b)* enige bedrag **[in enige valuta verskuldig aan daardie persoon ten opsigte]** van 'n skuld verskuldig aan daardie persoon in 'n buitelandse geldeenheid aangedui; of";

(i) deur in subparagraaf (6A)*(c)* subitem (ii) deur die volgende subitem te vervang:

"(ii) die waarde van daardie reg en die bedrag van daardie verpligting bepaal word regstreeks of onregstreeks met verwysing na **['n bate beoog in item *(a)* of]** 'n bedrag beoog in item *(b)*.";

(j) deur in subparagraaf (7) item *(b)* van die omskrywing van "plaaslike geldeenheid" deur die volgende item te vervang:

"*(b)* met betrekking tot 'n hoofkwartiermaatskappy, ten opsigte van bedrae wat nie aan 'n permanente saak buite die Republiek toeskryfbaar is nie, die funksionele geldeenheid van daardie hoofkwartiermaatskappy; of";

(k) deur in subparagraaf (7) in die omskrywing van "plaaslike geldeenheid" die woord "of" aan die einde van item *(b)* te skrap; en
(l) deur in subparagraaf (7) item *(c)* van die omskrywing van "plaaslike geldeenheid" deur die volgende items te vervang:

"*(c)* met betrekking tot 'n binnelandse skatkisbestuursmaatskappy, ten opsigte van bedrae wat nie aan 'n permanente saak buite die Republiek toeskryfbaar is nie, die funksionele geldeenheid van daardie binnelandse skatkisbestuursmaatskappy;

(d) met betrekking tot 'n internasionale skeepvaartmaatskappy omskryf in artikel 12Q, ten opsigte van bedrae wat nie aan 'n permanente saak buite die Republiek toeskryfbaar is nie, die funksionele geldeenheid van daardie internasionale skeepvaartmaatskappy; of

(e) in enige ander geval, die geldeenheid van die Republiek.".

(2) Paragraaf *(a)* van subartikel (1) tree op 1 Maart 2014 in werking en is van toepassing ten opsigte van beskikkings op of na daardie datum gemaak.

(3) Paragrawe *(b)*, *(c)*, *(d)*, *(e)*, *(f)*, *(g)*, *(h)* en *(i)* van subartikel (1) tree in werking op die datum van promulgering van hierdie Wet en is van toepassing ten opsigte van beskikkings op of na daardie datum gemaak.

(4) Paragraaf *(j)* van subartikel (1) word geag op 27 Februarie 2013 in werking te getree het en is van toepassing ten opsigte van jare van aanslag wat op of na daardie datum begin.

(5) Paragrawe *(k)* en *(l)* van subartikel (1) tree op 1 April 2014 in werking en is van toepassing ten opsigte van jare van aanslag wat op of na daardie datum begin.

Amendment of paragraph 53 of Eighth Schedule to Act 58 of 1962, as inserted by section 38 of Act 5 of 2001 and amended by section 97 of Act 60 of 2001 and section 86 of Act 74 of 2002

137. Paragraph 53 of the Eighth Schedule to the Income Tax Act, 1962, is hereby amended by the substitution in subparagraph (3) for items *(g)* and *(h)* of the following items:

"*(g)* any contract in terms of which a person, in return for payment of a premium, is entitled to policy benefits upon the happening of a certain event and includes a reinsurance policy in respect of such a contract, but excludes any short-term policy contemplated in the **[Short-Term]** Short-term Insurance Act**[, 1998 (Act No. 53 of 1998)]**;

(h) any short-term policy contemplated in the **[Short-Term]** Short-term Insurance Act**[, 1998,]** to the extent that it relates to any asset which is not a personal-use asset; and".

Amendment of paragraph 56 of Eighth Schedule to Act 58 of 1962, as inserted by section 38 of Act 5 of 2001, substituted by section 99 of Act 60 of 2001 and amended by section 88 of Act 74 of 2002, section 65 of Act 32 of 2004 and section 119 of Act 22 of 2012

138. (1) Paragraph 56 of the Eighth Schedule to the Income Tax Act, 1962, is hereby amended—

(a) by the substitution in subparagraph (2)*(a)* for subitems (i) and (ii) of the following subitems:

"(i) the **[base cost]** expenditure in respect of an asset of the debtor in terms of paragraph 12A; or

(ii) any **[aggregate]** assessed capital loss of the debtor in terms of paragraph 12A;"; and

(b) by the substitution in subparagraph (2) for item *(c)* of the following item:

"*(c)* an amount that must be or was included in the gross income or income of the debtor or taken into account in the determination of the balance of assessed loss of the debtor in terms of section 20(1)*(a)***[(ii)]**; or".

(2) Subsection (1) is deemed to have come into operation on 1 January 2013 and applies in respect of years of assessment commencing on or after that date.

Amendment of paragraph 57 of Eighth Schedule to Act 58 of 1962, as inserted by section 38 of Act 5 of 2001 and amended by section 89 of Act 74 of 2002, section 34 of Act 9 of 2006, section 115 of Act 24 of 2011 and section 11 of Act 13 of 2012

139. (1) Paragraph 57 of the Eighth Schedule to the Income Tax Act, 1962, is hereby amended by the substitution for subsection (6) of the following subsection:

"(6) The provisions of this paragraph do not apply where a person owns more than one business either by way of a sole proprietorship, a partnership interest or a direct interest in the equity of a company consisting of at least 10 per cent, and the total market value of all assets in respect of all those businesses exceeds **[R5 million]** R10 million.".

(2) Subsection (1) is deemed to have come into operation on 1 March 2012 and applies in respect of years of assessment commencing on or after that date.

Amendment of paragraph 57A of Eighth Schedule to Act 58 of 1962, as inserted by section 80 of Act 60 of 2008

140. (1) Paragraph 57A of the Eighth Schedule to the Income Tax Act, 1962, is hereby amended by the substitution for subparagraph *(a)* of the following subparagraph:

"*(a)* any asset which constitutes immovable property**[, to the extent that it was]** mainly used for business purposes; and".

(2) Subsection (1) is deemed to have come into operation on 1 March 2011 and applies in respect of years of assessment commencing on or after that date.

Wysiging van paragraaf 53 van Agtste Bylae by Wet 58 van 1962, soos ingevoeg deur artikel 38 van Wet 5 van 2001 en gewysig deur artikel 97 van Wet 60 van 2001 en artikel 86 van Wet 74 van 2002

137. Paragraaf 53 van die Agtste Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur in subparagraaf (3) items *(g)* en *(h)* deur die volgende items te vervang:

"*(g)* 'n kontrak ingevolge waarvan 'n persoon, teen betaling van 'n premie, geregtig is op polisvoordele by die plaasvind van 'n sekere gebeurtenis en sluit in 'n herversekeringspolis ten opsigte van so 'n kontrak, maar sluit nie in nie enige korttermynpolis in die Korttermynversekeringswet**[, 1998 (Wet No. 53 van 1998),]** bedoel;

(h) 'n korttermynpolis in die Korttermynversekeringswet**[, 1998,]** bedoel, tot die mate wat dit verband hou met 'n bate wat nie 'n persoonlike gebruiksbate daarstel nie; en".

Wysiging van paragraaf 56 van Agtste Bylae by Wet 58 van 1962, soos ingevoeg deur artikel 38 van Wet 5 van 2001, vervang deur artikel 99 van Wet 60 van 2001 en gewysig deur artikel 88 van Wet 74 van 2002, artikel 65 van Wet 32 van 2004 en artikel 119 van Wet 22 van 2012

138. (1) Paragraaf 56 van die Agtste Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—

(a) deur in subparagraaf (2)*(a)* subitems (i) en (ii) deur die volgende subitems te vervang:

"(i) die **[basiskoste]** onkoste ten opsigte van 'n bate van die skuldenaar ingevolge paragraaf 12A te verminder; of

(ii) enige **[totale kapitaal verlies]** vasgestelde kapitaalverlies van die skuldenaar ingevolge paragraaf 12A te verminder;"; en

(b) deur in subparagraaf (2) item *(c)* deur die volgende item te vervang:

"*(c)* 'n bedrag daarstel wat by die bruto inkomste van die skuldenaar ingesluit moet of moes word, of ingevolge artikel 20(1)*(a)***[(ii)]** in berekening gebring moet word in by die vasstelling van die balans van aangeslane verlies van die skuldenaar; of".

(2) Subartikel (1) word geag op 1 Januarie 2013 in werking te getree het en is van toepassing ten opsigte van jare van aanslag wat op of na daardie datum begin.

Wysiging van paragraaf 57 van Agtste Bylae by Wet 58 van 1962, soos ingevoeg deur artikel 38 van Wet 5 van 2001 en gewysig deur artikel 89 van Wet 74 van 2002, artikel 34 van Wet 9 van 2006, artikel 115 van Wet 24 van 2011 en artikel 11 van Wet 13 van 2012

139. (1) Paragraaf 57 van die Agtste Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:

"(6) Die bepalings van hierdie paragraaf is nie van toepassing nie waar 'n persoon meer as een besigheid besit hetsy by wyse van 'n alleeneienaarskap, 'n vennootskapsbelang of 'n direkte belang in die ekwiteit van 'n maatskappy bestaande uit minstens 10 persent, en die totale markwaarde van alle bates ten opsigte van al daardie besighede **[R5 miljoen]** R10 miljoen te howe gaan.".

(2) Subartikel (1) word geag op 1 Maart 2012 in werking te getree het en is van toepassing ten opsigte van jare van aanslag wat op of na daardie datum begin.

Wysiging van paragraaf 57A van Agtste Bylae by Wet 58 van 1962, soos ingevoeg deur artikel 80 van Wet 60 van 2008

140. (1) Paragraaf 57A van die Agtste Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur subparagraaf *(a)* deur die volgende subparagraaf te vervang:

"*(a)* enige bate wat onroerende eiendom uitmaak**[, namate dit]** hoofsaaklik vir besigheidsdoeleindes gebruik **[is]**; en".

(2) Subartikel (1) word geag op 1 Maart 2011 in werking te getree het en is van toepassing ten opsigte van jare van aanslag wat op of na daardie datum begin.

Amendment of paragraph 61 of Eighth Schedule to Act 58 of 1962, as amended by section 102 of Act 60 of 2001, section 90 of Act 74 of 2002, section 75 of Act 17 of 2009, section 106 of Act 7 of 2010 and section 120 of Act 22 of 2012

141. (1) Paragraph 61 of the Eighth Schedule to the Income Tax Act, 1962, is hereby amended—

(a) by the substitution for the heading of the following heading:

"**[Collective investment schemes in securities]** **Portfolios of collective investment schemes other than portfolios of collective investment schemes in property**";

(b) by the substitution subparagraph (1) of the following subparagraph:

"(1) A holder of a participatory interest in a portfolio of a collective investment scheme **[in securities]**, other than a portfolio of a collective investment scheme in property, must determine a capital gain or capital loss in respect of the participatory interest only upon the disposal of that participatory interest."; and

(c) by the substitution for subparagraph (3) of the following subparagraph:

"(3) Any capital gain or capital loss in respect of a disposal by a portfolio of a collective investment scheme, other than a portfolio of a collective investment scheme in property, must be disregarded.".

(2) Subsection (1) comes into operation on 1 April 2014 and applies in respect of disposals made on or after that date.

Amendment of paragraph 62 of Eighth Schedule to Act 58 of 1962, as substituted by section 103 of Act 45 of 2003 and amended by section 52 of Act 20 of 2006 and section 107 of Act 7 of 2010

142. Paragraph 62 of the Eighth Schedule to the Income Tax Act, 1962, is hereby amended by the substitution for subparagraph *(c)* of the following subparagraph:

"*(c)* a person **[approved by the Commissioner in terms of]** contemplated in section 10(1)*(c*A*)* or *(d)*(iv);".

Amendment of paragraph 64 of Eighth Schedule to Act 58 of 1962, as substituted by section 78 of Act 31 of 2005 and amended by section 54 of Act 20 of 2006 and section 76 of Act 17 of 2009

143. (1) Paragraph 64 of the Eighth Schedule to the Income Tax Act, 1962, is hereby amended—

(a) by the substitution for subparagraph *(a)* of the following subparagraph:

"*(a)* section 10, other than receipts or accruals contemplated in paragraphs *(c*N*)*, *(c*O*)*, *(i)***[(xv)]**, *(k)* and *(m)* of subsection (1) thereof; or"; and

(b) by the substitution for subparagraph *(a)* of the following subparagraph:

